Ontwerp-proses tot by Munisipale Goedkeuring

i Kry 'n kwotasie en beplan jou begroting

Ons spesiale Tekenaarsfooie is slegs vir algemene bouplanne. Indien die ontwerp of beplanning rondom die projek meer tegnies van aard is, sal u standaard Argiteksfooie gevra word. Ons spesiale Tekenaarsfooie: Minimum fooi vir bouwerk onder 50m². Vir bouwerk bo 50m² word die fooi per vierkant 'n meter uitgewerk(R/m²).

Inligting wat ons benodig vir 'n kwotasie:

- Kontakbesonderhede: Naam & Van (eienaar van eiendom), Kontaknommer, E-posadres
- Eiendom Inligting: Adres, Erf nommer, Bestaande planne(indien beskikbaar)
- Projek tipe: Soos-gebou, Opknapping, Aanbouing of 'n Nuwe Gebou
- Omvang van projek in m². (Dit kan 'n skatting wees) Hierdie getal mag verander.

Addisionele fooie wat moontlik van toepassing kan wees op u projek:

- Erfenis-aansoek: Verpligtend vir geboue ouer as 60 jaar.
- Boulyn-oorskryding: Die munisipaliteit moet goedkeuring gee om oor 'n boulyn te kan bou.

Ander konsultante om in berekening te bring:

Die volgende konsultante se fooie is NIE INGESLUIT by ons fooie nie:

- Landmeter: Afhangend van die ligging, omvang en/of grootte van die projek.
- Stadsbeplanner: Slegs vir hersonering- en vergunningsgebruik-aansoeke (bv. B&B, gastehuise, ens.)
- Struktuur-ingenieur: Hierdie aanstelling is VERPLIGTEND volgens die Nasionale Bouregulasies. Die struktuur-ingenieur teken die struktuur af en verseker dat dit tegnies voldoende is.
- Meganiese Ingenieur: Gewoonlik nie van toepassing op wonings/huise nie.
- Brand-ingenieur: Gewoonlik nie van toepassing op wonings/huise nie.

Nota: Die munisipaliteit het hulle eie fooie in verband met die goedkeuring van planne.

1 Terreinopmeting

'n Standaardfooi moet betaal word voor opmeting plaasvind.

Datum en tyd sal bespreek word vir ´n ontmoeting op die terrein. ALLE strukture op die eiendom moet toeganklik wees.

Dokumente wat ons benodig om voort te gaan:

- Titelakte van die eiendom ter sprake

Henry van Nieuwenhuizen
BArch(Pret)-Pr.Arch
SACAP Reg. No. 3924

Sel: +27 (0)83 559 3906
+27 (0)23 614 3074
henry@hvnarchitects.co.za

Piet Retief Straat 38
Montagu
Posbus 382, 6720

2 Konsepfase

50% Aanstellingsfooi moet betaal word voor hierdie fase kan begin.

Ons teken konsep-planne wat deur u belange en wense vir die gebou bepaal sal word.
U sal gekontak word om terugvoering te kry, sodra die tekeninge voltooi is.

3 Sketsontwerp

Aanvangsbetaling mag vereis word om hierdie fase te begin, afhangend van die projek.

Die tekeninge is meer gedefinieërd en finalisering begin
Sodra hierdie tekeninge u goedkeuring ontvang, sal voort gegaan word met die munisipale indieningsplanne.

4 Munisipale Indiening

Die ontwerp moet op hierdie stadium gefinaliseer wees en geen verdere veranderinge moet gemaak word nie. 'n Ekstra fooi sal gehef word per verandering.

Dokumente wat ons benodig vir indiening:

- Eienaar van die eiendom se ID
- ID van lewensmaat (indien nodig)
- Volmag (indien nodig)
- Bewys van adres (verkieslik in die vorm van 'n munisipale rekening)

5 Indien van planne by munisipaliteit

Betaling van die uitstaande bedrag word verwag voor indiening, asook die munisipale fooie(soos bepaal deur die munisipaliteit).

Die eienaar van die eiendom moet op alle relevante tekeninge en dokumente teken.

6 Einde van tekenproses

U sal 'n ekstra stel planne ontvang, asook die goedgekeurde planne met die munisipale stempel op. Dit is verpligtend om 'n stel gestempelde planne op terrein te hê terwyl die bouwerk plaasvind.

! Okkupasie-sertifikaat

Die munisipaliteit moet 'n okkupasie-sertifikaat uitreik aan die einde van die projek, sodra alle nodige sertifikate ingehandig is.
Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar om al die nodige sertifikate te verkry.
Ons sal help met insameling van die sertifikate teen 'n ekstra fooi.

Henry van Nieuwenhuizen
BArch(Pret)-Pr.Arch
SACAP Reg. No. 3924

Sel: +27 (0)83 559 3906
+27 (0)23 614 3074
henry@hvnarchitects.co.za

Piet Retief Straat 38
Montagu
Posbus 382, 6720